

# *Een*

Soos 'n uitgedroogde vadoek. Dis hoe sy voel. Maar 'n yslike vrag is van haar skouers af. Reina gaan staan stil aan die bokant van die trappies voor die Kaapse Hooggeregshof en lig haar gesig vir 'n oomblik op na die son wat net-net bokant die hoë geboue uitsteek.

Hoe het sy op hierdie Maandagoggend hier beland?

Haar lewe was goed, sonder enige komplikasies. Sy kon gaan swot het wat sy wou en sy het geskiedenis gekies. Haar liefde vir dié vak het sy van haar pa geërf en die dag toe hy haar gevra het om saam met hom hulle oudhede-onderneming te bedryf, kon sy haar geluk nie glo nie. Kan een mens so gelukkig wees om elke dag omring te wees deur dinge wat jou siel voed?

Die verhaal van elke meubelstuk, elke teelepel, elke koppie of tafeldoek wat in die winkel gekom het, fassineer haar. Nie net die geskiedenis van die item nie, maar die storie van die mense wat op die stoel gesit het, die koppies gebruik het, die messegoed aangeskaf het.

Wie was hulle? Waar het hulle gewoon? Hoekom het hulle dié item gehad? Waar het dit vandaan gekom?

Dis tog moontlik dat elke liewe droom waar kan word, het sy gedink die dag toe haar pa haar alleen na haar eerste vendusie toe gestuur het, so ook die dag toe sy vir die eerste keer op eie houtjie Engeland toe vir aankope is.

Min het sy toe geweet hoe onmoontlik sake kan lyk.

“Jy oukei?” vra Larissa agter haar voor sy by haar inhaak. “Ek is oukei,” sê Reina. “Uitgemergel maar oukei.”

Larissa stuur haar behendig tussen die mense deur tot by haar motor. “Jy moes nooit met Bert Naudé getrou het nie, jy weet dit seker. En ek is jammer, ek wou nooit weer die vent se naam noem nie, maar toe daag hy sowaar hier by die hof op.”

Reina sug terwyl sy in die motor klim. “Nóú is dit natuurlik maklik om in te sien ek was ’n emosionele wrak toe hy ’n jaar gelede in my winkel in gestap het.”

“Dit was maar enkele maande ná jou ouers se dood, jy was nog in so ’n dwaal.”

“En so, so verslae. Hy is aantreklik en sjarmant en vriendelik, en ons is getroud voor ek my oë kon uitvee.”

“Binne ’n maand en somer by Binnelandse Sake!” vul Larissa aan. “Alles so haastig, jy wou net nie luister nie. Nie eens ouma Reina kon jou oortuig om te wag nie.”

Reina kyk by die venster uit. As sy somer maar net by haar ma op die bed kon geklim en haar hart uitgepraat het! Maar ouma Reina is darem nog hier. “Ek mis my ouma, ek wil somer die naweek vir haar gaan kuier. Bert wou nooit ...”

“... daar gaan kuier nie omdat jou ouma deur sy streke kon sien lank voor jy daarvan geweet het.”

Reina skud haar kop. “Dis so ’n cliché – ek was werklik die laaste mens wat agtergekom het hy verneuk my van dag een af. Teen daardie tyd het ek al besef ek is nie lief vir hom nie. Eintlik was ek seker nooit regtig nie, so ek is nie sonder blaam nie.”